# RANDJIENUUS

## 3 NOVEMBER 2025

### NUWE HOOFLEIERS VAN 2025/2026

Ons is ongelooflik trots om die **hoofleiers** van Hoërskool Randburg vir die komende jaar aan te kondig:

| Dogters: | Seuns: |
|---|---|
| **Hoofdogter:** Ané le Roux<br>**Onderhoofdogters:** Anika Moolman en Isabella Murison | **Hoofseun:** Ewan van der Walt<br>**Onderhoofseuns:** Bradley Butcher en Nicolaas Mitchell |




Julle het die voorreg om 'n positiewe verskil te maak – en ons weet julle gaan dit met trots en toewyding doen!





# LEIERSKAP

Ons 2026 Studenteforum se leierskapsopleiding en inhuldiging is voltooi en hulle is slaggereed om die skool vir hulle termyn te dien. Saam met die leierskapsontwikkeling het hulle ook baie pret saam gehad en 'n hegte band is reeds gevorm. Baie dankie aan al die aanbieders wat hierdie groep kom bemagtig het.

- ★ **Lidia Rauch van Bloom Enterprise** wat hulle geleer het om met 'n meer inklusiewe oog na situasies en mense te kyk.
- ★ **Dr. Christo Naude** wat vir hulle 'n spraakvaardigheidskursus aangebied het.
- ★ **Dr. Hekkie van der Westhuizen** van Saldati Leierskap Instituut wat hulle meer oor innerlike leierskap geleer het.

Op 15 Oktober kon ons met trots hierdie besonderse groep leerders inhuldig om hulle ampstermyn amptelik te begin. Ons is baie opgewonde om te sien watter diep spore hierdie span leerders in die skool gaan trap.





# AKADEMIE

## WISKUNDE

**In die graad 11-wiskundeklas** is daar soms tyd om ‘n bietjie te ontspan. Speletjies en pret kan ons help om kreatief én krities te dink — en só leer ons soms selfs vinniger!




## OUD-RANDJIE PRESTEER

Oud-Randjie, Carina Viljoen, blink uit! Wat ’n ongelooflike wedren by die 10 km *Peace Run* in Kaapstad. Ons oë was natuurlik op ons eie oud-Randjie, Carina Viljoen, wat ’n fantastiese **tweede** plek met ’n tyd van 33:02 behaal het! En daar’s nóg opwindende nuus — Carina is sopas vir die ASA-span gekies wat Suid-Afrika in Januarie 2026 by die Wêreld Landloopkampioenskappe in die VSA gaan verteenwoordig. Sy het die landloop-*trials* in ons klubkleure gehardloop – wat ’n ongelooflike eer en trots vir ons almal! Wat ’n prestasie teen van die land se top atlete – Carina, ons is ongelooflik trots op jou!



# KULTUUR

## DANS

**Amelia Kruger (gr. 9)** was deel van 'n groep dansers van haar dansskool, *Jozi Dance*, wat saam met *Figure 8 Dance Theater* opgetree het. Hulle het twee skitterende vertonings op 9 en 10 Oktober 2025 gelewer. Amelia ontvang ook op 18 Oktober 2025 haar **Protea-kleure** vir dans en gaan Suid-Afrika saam met haar dansskool in België verteenwoordig.



**Baie geluk aan Amelia, ons is ongelooflik trots op jou!**



## VOLKSDANS

Hoërskool Randburg is trots om te deel dat **Jana van der Merwe (gr. 10)** die Vrystaat Week te Brandfort bygewoon het as deel van volkspele en volksang waar sy met haar uitstekende betrokkenheid en deursettingsvermoë uitgeblink het. Na die bywoning van twee ope kursusse én die Vrystaat Week, is Jana gekeur uit die finaliste en aangewys as een van die top kandidate vir die prestigeryke Lenteskool te Stilbaai, wat van 3 tot 11 Oktober plaasgevind het. Op 18 Julie, tydens die Vrystaat Week, is sy ook vereer toe sy as **Landdros (Kaptein)** aangewys is — 'n besondere erkenning van haar leierskapsvermoë en karakter.

Slegs één leerder is vir die Lenteskool gekies en ons is trots dat dit een van ons eie Randjies is!

Jana, wat 'n geregistreerde lid by Magaliesmoot Laer is het ook 'n **sertifikaat en medalje** ontvang ter bevestiging dat sy beide die Vrystaat Week en die Lenteskool suksesvol voltooi het.



**Ons is baie trots op jou Jana!**

## RITMIESE GIMNASTIEK

Op 7 Oktober 2025 het **Kayla du Preez (gr. 9)** met trots aan die Suid-Afrikaanse Ritmiese Gimnastiekkampioenskappe in Durban deelgeneem. Kayla het aan Vlak 6 (dogters o.15) deelgeneem en uitstekende uitslae behaal:

- ★ Dans – **Sewende plek**
- ★ Tou – **Vierde plek**
- ★ Lint – **Vyfde plek**
- ★ Algeheel – **Vyfde plek**



Kayla en haar groep het ook met hul pragtige hoepelroetine 'n algehele vyfde plek in die groepkompetisie behaal.

**Baie geluk, Kayla! Ons is ongelooflik trots op jou prestasie en toewyding!**

# *CONSPIRITO* EISTEDDFOD STREEKSUITDUNNE

Baie geluk aan die volgende leerders met hulle puik prestasies tydens die *Conspirito* streeksuitdunne:

### Waldo du Plessis (gr. 8):

- Redenaars – Aanlyn Afrikaans Redenaars: Voorbereide toespraak (eie keuse): 91% (A++)
- Redenaars - Afrikaans: Individuele Toespraak: 96% (A+++)
- Redenaars - *English: Individual Public Speaking:* 96% (A+++) Itemwenner

### Kayla Grant (gr. 9):

- Drama – Afrikaans Ongedramatiseerde Poësie (Eie keuse): 93% (A++) Itemwenner
- Drama – *English Undramatised Poetry (Own choice)*: 95% (A+++) Itemwenner

### Kara Behrens (gr. 9):

- Dans – *Ballet kwartet*: 90% (A++)

### Malea Avis (gr. 9):

- Fotografie: 92% (A++)
- Kuns – gemengde Medium: 94% (A++)
- Dans – *Ballet* solo: 89% (A+)
- Drama – Afrikaans Monoloog: 99% (A+++) Itemwenner
- Drama – *English Monologue*: 94% (A++)
- Drama – *English Dramatic Poetry*: 90% (A++)

### Nelrie Wijnbeek (gr. 9):

- Redenaars – Afrikaans Voorbereid (Eie keuse): 89% (A+)

### Mia Krone (gr. 9):

- Drama – *English Dramatised Poetry*: 90% (A++)
- Drama – Afrikaans Monoloog: 95% (A+++)

### Larissa Bouwer (gr. 9):

- Drama - Afrikaans Gedramatiseerde Poësie: 94% (A++) Itemwenner
- Drama - Afrikaans Komiese Monoloog: 98% (A+++)
- Drama - Afrikaans Monoloog: 94% (A++) Itemwenner
- Drama - Afrikaans Voorgeskrewe Poësie: 96% (A+++) Itemwenner
- Drama - English Dramatised Poetry: 93% (A++) Itemwenner
- Drama - English Monologue: 95% (A+++) Itemwenner

### Ilana van den Berg (gr. 10):

- Kuns – Gemengde media: 85% (A+)
- Kuns – Houtskool: 90% (A++)
- Kuns – Olieverf: 92% (A++)
- Fotografie: 94% (A++)

### Mieke Kok (gr. 10):

- Redenaars – Afrikaans Voorbereid (Eie keuse): 90% (A++)
- Drama – *English Monologue*: 94% (A++)
- Drama – *English Undramatised Poetry (Own Choice)*: 93% (A++)
- Drama – Afrikaans Gedramatiseerde Prosa: 90% (A++)
- Drama – Afrikaans Monoloog: 89% (A+) Itemwenner
- Drama – Afrikaans Ongedramatiseerde Poësie (Eie keuse): 89% (A+)

### Janique Kruger (gr. 10):

- Drama - Afrikaans Ongedramatiseerde Poësie: 90% (A++) Itemwenner
- Drama – Afrikaans Ope (Komiese Monoloog): 93% (A++) Itemwenner
- Drama – *English Monologue:* 92% (A++)
- Drama – *English Undramatised Poetry*: 91% (A++)
- Drama – Afrikaans Monoloog: 90% (A++)
- Dans – *Contemporary Solo*: 94% (A++) Itemwenner
- Dans – Improvisasie: 94% (A++) Itemwenner
- Dans – *Jazz Solo*: 93% (A++) Itemwenner
- Dans – *Lyrical Solo*: 94% (A++) Itemwenner
- Dans – *Musical Theatre Solo*: 93% (A++) Itemwenner
- Dans – *Tap Solo*: 93% (A++) Itemwenner

### Lia Pretorius (gr. 11):

- Dans – *Lyrical Solo*: 94% (A++) Itemwenner
- Dans – *Open Solo:* 92% (A++) Itemwenner
- Dans – *Jazz Solo*: 95% (A+++) Itemwenner
- Dans – *Contemporary Solo*: 94% (A++) Itemwenner
- Dans – *Hip-Hop / Funk Solo*: 94% (A++) Itemwenner

### Aliza de Beer (gr. 11):

- Sang – *Musical*: 97% (A+++) Itemwenner
- Sang – *Pop*: 97% (A+++) Itemwenner
- Sang – *Prescribed Song*: 94% (A++) Itemwenner
- Sang – *Broadway*: 95% (A+++) Itemwenner
- Redenaars – *English Prepared Motivational speech*: 85% (A+)
- Redenaars – *English Prepared Own Choice*: 90% (A++)




## SIMFONIE-ORKES

**Ruan Visser (gr. 11)** was op 2 November 'n solis tydens die Johannesburg Simfonie-orkes se Jeug *Concerto* fees wat in die Linder gespeel het. Daar was tien leerders van Gauteng en Ruan se Randjie ster het geskitter. Ons is baie trots op hom.











# KOOR

Die **2025-koor** het op Dinsdag, 14 Oktober 2025, hul galakonsert en prysuitdeling aangebied – 'n ware spogaand! Tydens hierdie besondere geleentheid is daar van **Juffrou Laura** en die **matrieks** afskeid geneem, wat vir oulaas saam met die koor opgetree het. Die koor het hul volledige repertoire uitgevoer en die gehoor weereens met hul talent en toewyding betower. 'n Aand vol trots, dankbaarheid en musiek – Hoërskool Randburg se koor sluit 2025 op 'n hoë noot af!

## Toekennings van die aand:

Van links na regs:

Bas van die jaar: Cameron Salmain
Tenoor van die jaar: Francois le Roux
Sopraan van die jaar: Ingrid Bekker
Alt van die jaar: Anja Greyling





## Mnr. Booysen het ook die nuwe leiersgroep vir 2026 aangekondig:

Hoofleiers:
Hoofseun – Benjamin Schoeman
Hoofdogter – Aliza de Beer
Onderhoofseun – Armand Kriel
Onderhoofdogter – Shané le Roux

Leiers:
Karosia Absolon
Francois le Roux
Ané le Roux
Alexia van der Walt
Nicolaas Mitchell
Jan Ferreira








**KOORMATRIEKS 2025 – TOTSIENS!**





# SPORT

## RUGBY

Baie geluk aan **Ruan Vorster, Christian Kemp, Marno White en Ethan de Bruin**. Hierdie vier spelers het Hoërskool Randburg met trots gedurende die skoolvakansie tydens die Lions inter-provinsiale (IPT) Rugbytoernooi verteenwoordig. **Ruan Vorster en Christian Kemp** het vir die o.15 Leeus-span gespeel wat 'n silwer medalje (tweede plek) behaal het. Ruan het boonop as kaptein van sy span opgetree — 'n uitsonderlike prestasie en bewys van sterk leierskap! **Marno White en Ethan de Bruin** was deel van die o.16 Leeus-span wat onoorwonne deur die toernooi gebly het en die finaal teen die Bulle met 25–8 gewen het! Ons is ongelooflik trots op al vier hierdie seuns en sien uit na hul verdere groei en sukses op die rugbyveld.



**Marno White (gr. 10)** verower silwer saam met die *Broncos Black* span. Marno was deel van die *Broncos Black* span wat op 17 en 18 Oktober in Rustenburg by JARU se 7's-toernooi by Sundown Country Estate deelgeneem het. Vrydag se warm weer was ideaal vir sewes-rugby, maar Saterdag het die span ware deursettingsvermoë gewys toe hulle die hele dag in aanhoudende reën moes speel. Ten spyte van uitdagende toestande het die *Broncos Black* span puik vertoon en hul plek in die finaal verdien. Hulle is uiteindelik met silwer medaljes beloon — 'n prestasie waarop hulle met reg baie trots kan wees!

**Baie geluk, Marno en jou spanmaats!**

WEL GEDAAN!



# SWEM

Op Saterdag, 4 Oktober het ons swemmers by die *CGA Level 2* en *Level 3* Somergala by Helderfontein deelgeneem en fantastiese resultate behaal:




**Larissa Bouwer:**

100m Rugslag – Eerste plek
200m Vryslag – Tweede plek
100m Vryslag – Tweede plek



**Carli Coetzee (gr. 9):**

200m Kruip – Vierde plek (verbeter haar PB met vier sekondes)!
100m Rug – Derde plek
200m Bors – Tweede plek (verbeter haar PB met agt sekondes!)
50m Vlinder – Derde plek




Welgedaan ook aan **Carli Coetzee** wat op Sondag, 12 Oktober die 1,5km by die Midmar Mile Seeding Event by Munyaka Waterfall City geswem en in **29:06-minute** voltooi het. Dit het haar die 21ste plek in haar kategorie (Dames 14–30) en 37ste uit 127 dames algeheel besorg.

**Baie geluk met hierdie besonderse prestasies, Meisies!**

## Aflosgala by King's School Robin Hills

Op 16 Oktober het ons skool aan die **laaste aflosgala** van die jaar by King's School Robin Hills deelgeneem. Ons het teen Edenvale High School, Radford House en King's School meegeding en dit was 'n heerlike dag vol spanpoging, entoesiasme en skoolgees. Ons is ongelooflik trots om te sê dat ons swemspan met die eerste plek weggestap het. Baie dankie aan elke swemmer vir julle harde werk en aan die onderwysers wat hierdie dag moontlik gemaak het.











# RUITERSPORT

SANESA nasionale kampioenskappe het vanaf 7 tot 11 Oktober 2025 plaasgevind. **Ruiters** van al nege provinsies het deelgeneem. Dit was voorwaar 'n voorreg om die top ruiters te sien meeding. Baie geluk, **Mareli Wassermann (gr. 11) en Heike Steyn (gr. 12)**, met julle pragtige prestasies – julle maak ons trots!

★ Mareli Wassermann en *Ace in the Hole*

**Derde plek**: *Dressage Freestyle – Prelim*
**15de plek:** *Prix Caprilli – Beginner(b)*

★ Heike Steyn en *Daydream Jiveman*

**Sewende plek:** *In-hand Utility Third Level*
**Agtste plek:** *Working Riding First Level*
**11de plek:** *Beginner Hunter 60cm*










## TENNIS

Ons seuns tennisspan begin die kwartaal sterk. Ons **A-spanseuns** het op 15 Oktober hul eerste ligawedstryd van die kwartaal gespeel en St John's oortuigend met 9–0 gewen.

**Baie geluk, Seuns – ons is ongelooflik trots op julle!**



# STOEI

Randburg se stoeiers blink weer uit. Ons is ongelooflik trots op die harde werk en prestasies van ons leerders. Baie geluk aan **Jesse Jonker (gr. 8)** wat sy **provinsiale kleure** in stoei behaal het terwyl **Danielle Jonker (gr. 10)** ook provinsiale kleure sowel as haar **nasionale kleure** as SA President Junior Vrouens stoeikampioen van 2025 verwerf het. Julle wys dat deursettingsvermoë en passie altyd beloon word. Baie geluk met julle fantastiese prestasies!



# *COMBAT WEAPONS*

**Roxy Barnard (gr. 10)** het haar *Protea KSA Weapons* kleure ontvang en was deel van die *Protea KSA Weapons* span en die *International Combat Organization (ICO) World Championships* span, wat aan die *ICO World Championships* vanaf 15 tot 19 Oktober 2025 in Swansea, Wallis, deelgeneem het. Baie geluk, Roxy! Ons is ongelooflik trots op hierdie merkwaardige prestasie.



# JUDO

**Cole Mckenzie (gr. 8)** het 'n **silwer medalje** by die Judo SA Nasionale Ranglystoernooi in Turffontein verower. Baie geluk, Cole! Jou harde werk en toewyding maak ons ongelooflik trots!







# SKUTS

Gedurende die skoolvakansie het sewe van die **Randburg-skuts** aan die SANSSU SA's by Castle De Wildt, Modimolle, deelgeneem.



## Die uitslae lyk soos volg:

**Sporter o. 14** (totaal van 66 skuts wat deelneem van regoor die land)
35. Neil Knoesen
40. Karien Botha
43. Minay Van Der Merwe
55. Reuben Pelzer

**Sporter o. 16** (totaal van 122 skuts wat deelneem van regoor die land)
71. Annabelle Kirstein

**Sporter o. 21** (totaal van 96 skuts wat deelneem)
36. Bianca Jansen Van Rensburg

**Pistool o. 21**
9. Chantal van der Bank



**Chantal en die o.21-span** waarvan sy deel was, verdien silwer vir Pistoolklas 0.21 en verower 'n eerste plek in die provinsie. Chantal verdien ook goud (o.21- en o.16-span se punte word bymekaargetel) vir 'n algehele wen provinsiale oorwinning.

**Reuben Pelzer** wat as ontwikkelingskut deel van die Gauteng-span was, skiet nie net sy persoonlike beste nie, maar ook sy kwalifiserende telling en sy Gautengkleure word tydens SA's aan hom toegeken.

**Bianca Jansen Van Rensburg** was ook gedurende die SA's **mede-kaptein** van die Gauteng-span. Ons is besonder trots op ons Randjie-skuts. Baie geluk aan al ons skuts met hierdie wonderlike prestasies.

# NETBAL

Die naweek van 26 tot 28 September het die aksienetbal *Superleague* finaal plaasgevind en ons Randjies het weer hul talente gewys. In die *o.15 A Hillfox-span* het **Mieke Kachelhoffer, Anya van Aswegen, Imcke Nel en Eldené Viljoen** saam **goud** gewen. 'n Spesiale veer in die hoed vir **Mieke Kachelhoffer** wat as M.V.P *(Most Valuable Player)* aangewys is. In die **o.16 B Hillfox *Hawks* span** het **Lee-Anay Louw, Kaylie Toxopeus, Lizey van Pletzen en Quinette Du Plessis** gespeel en 'n **silwer medalje** verower. Welgedaan, Spelers!







## Randjie Netbaldogters skitter in die Johannesburg *Netball Premier League*!

Die naweek van 20 en 21 September het van ons dogters aan die Johannesburg *Netball Premier League*, deur *Into Africa Sports* aangebied, by Hoërskool Linden deelgeneem – en hulle het behoorlik hul merk gemaak!

### Uitslae en hoogtepunte:

- **Anya van Aswegen & Eldené Viljoen** – deel van die o.15 Protea Giants-span wat 'n **silwer medalje** gewen het.
- **Imcke Nel** – deel van die o.15 Diamond Warrior-span wat **goud** ingepalm het.
- **Isabella Murison & Lara Boshoff** – deel van die o.19 Giants-span, afgerig deur **Juf. Gizelle Labuschagne**, wat **vyfde** geëindig het.
- **Anya van Aswegen** wen die trofee vir **Beste Aanvallende Speler van die toernooi**.
- **Eldené Viljoen, Anya van Aswegen, Isabella Murison en Lara Boshoff** word gekies vir 'n toerspan na Dubai in 2026 deur *Into Africa Sports*. Ons Randjies maak ons ongelooflik trots – op én van die baan!





## *Fast 5* Nasionale Kampioenskappe:

**Dag 1:** Wat 'n afskop! Ons dogters het vyf groot wedstryde gespeel en gewys dat 'n Randjie nooit gaan lê nie!

**Dag 1 se uitslae:**

Wen Menlo Blou 38–22
Wen Ben Vorster 30–16
Wen Middelburg 30–20
Verloor Rustenburg 27–28
Wen Hartswater 56–1

**Met vier oorwinnings uit vyf is dit 'n ongelooflike begin en die toon is reeds aangegee vir die res van die toernooi.**

**Dag 2:** Na 'n puik begin in die groepwedstryde het ons o.15 *Fast 5*-span vandag weer hul staal gewys. Hulle het sterk afgeskop met 'n **oorwinning** teen Stellenberg (24–19) en dit het beteken dat ons span bo-aan die poel geëindig het. In die kwartfinaal het die dogters vasgebyt en met ongelooflike spanwerk en deursettingsvermoë Parel Vallei 31–26 **geklop** – 'n regte hoogtepunt van die dag! Die pad na die eindstryd was egter bitter naby en in 'n naelbytwedstryd moes ons ongelukkig met die kleinste verskil (26–27) die knie teen Middelburg 1 in die semi-final buig. In die eindstryd vir plek 3/4 het hulle hul alles teen Paarl Gim gegee. Ons dogters verloor ongelukkig 25-21 en **eindig algeheel vierde** in Suid-Afrika – wat 'n ongelooflike prestasie! Ons is geweldig trots op elke speler – julle het van die eerste fluitjie tot die laaste minuut gewys wat dit beteken om as 'n span te werk en julle harte vir die spel te gee. Julle het met moed, karakter en trots op die baan gestaan en dit is wat regtig tel. 'n Baie spesiale dankie aan ons afrigter, Juffrou Gizelle Labuschagne, vir haar passie, leiding en toewyding. Hierdie prestasie is net so veel hare as die spelers s'n.

**Welgedaan, Dogters – julle het ons almal trots gemaak!**














## GHOLF

Baie geluk aan **Franco Colin, Duvan du Toit (albei gr. 10) en Alexis Barnard (gr. 11)**. Hierdie drie spelers het Wesrand Skole-gholf met trots by die SA Hoërskole Gholftoernooi, wat van 5 tot 7 Oktober by die Orkney Gholfbaan in Noordwes plaasgevind het, verteenwoordig.

Oor drie dae is daar 90 gaatjies gespeel tussen die top-gholfers van al die provinsies in Suid-Afrika. Dit was 'n ongelooflike ervaring en waardevolle blootstelling vir elke speler — goed gedoen, julle het Hoërskool Randburg trots gemaak!





**Sterk vertonings in die Sentraal-Gauteng Gholfliga**
Ons gholfspelers het gister aan die Sentraal-Gauteng Gholfliga wat by Krugersdorp en Randpark gholfbane aangebied is, deelgeneem.

**Uitslae:**

**Randburg A** eindig **eerste** in hul groep.
**Randburg B** behaal **tweede** plek.
**Randburg C** eindig **vierde**.



**Ons is trots op elke speler wat die Randburg-naam met trots en sportmangees verteenwoordig het.**



## *TRIATHLE / BIATHLE / LASER RUN*

**Megan Kleynhans (gr. 9)** het tydens die skoolvakansie aan drie Suid-Afrikaanse kompetisies deelgeneem:
*South African Modern Pentathlon SA Triathle* Kampioenskap (Driekamp)
*South African Modern Pentathlon SA Biathle* Kampioenskap (Tweekamp)
*South African Modern Pentathlon SA Laser Run* Kampioenskap (hardloop-en-laserskiet-kombinasie)
Die kompetisies het onderskeidelik in Nelspruit en Bloemfontein plaasgevind. Megan het in die o.19-ouderdomsgroep deelgeneem om vir haar Junior Protea-kleure te kwalifiseer en het die volgende uitstekende prestasies behaal:
★ *Triathle* Dogters o.19 – **Goud (eerste plek)**, ★ *Biathle* Dogters o.19 – **Goud (eerste plek)**, ★ *Laser Run* Dogters o.19 – **Silwer (tweede plek)**. Boonop het Megan haar kwalifiserende tye in al drie dissiplines behaal en is vir die SAMPA-span geselekteer, wat van 8 tot 13 Desember 2025 aan die *Biathle, Triathle* en *Laser Run* Wêreldkampioenskappe in Mosselbaai gaan deelneem.





**Baie geluk aan Megan! Jou toewyding en prestasies maak ons ongelooflik trots!**



## ATLETIEK

Hoërskool Randburg se atlete het op 12 September aan die Egoli atletiekbyeenkoms deelgeneem – en wat 'n ongelooflike dag was dit nie! Ons is trots op elke Randjie wat sy of haar beste gegee het – julle harde werk en toewyding wys.

## BESTE PRESTASIES OP DIE DAG!













## RANDJIES SKITTER BY CURRO PODIUM UITDUNNE!

Ons atlete het op 19 September 2025 hul merk by die Curro Podium Noordelike uitdunne gemaak – 'n byeenkoms waar meer as 2 500 top atlete uit 65 skole meeding.

### Randjies se prestasies:

- **13de plek** uit 72 seunspanne
- **24ste plek** uit 68 dogterspanne
- **19de** gesamentlik uit 65 skole
- **Nege atlete** eindig in die top 15



**Randburg het gewys ons is 'n skool wat nie net deelneem nie – maar teen die beste presteer!**




# Beste prestasies op die dag




## Noord vs Suid 2025

Op 6 Oktober 2025 het ons **atlete** met groot trots aan die Noord vs Suid Atletiekbyeenkoms in die Paarl deelgeneem. Hierdie prestige byeenkoms bring elke jaar die agt top skole van die Noorde en die agt top skole van die Suide bymekaar – 'n ware botsing van krag en talent! Vir die derde jaar in 'n ry tree die Noorde as oorwinnaars uit die stryd.

Ons Randjiespan, wat uit 14 seuns en 14 dogters bestaan het, het met uitsonderlike trots en toewyding deelgeneem en 39 top tien plekke en nege persoonlike beste prestasies ingepalm.

**Baie geluk aan al ons atlete wat Hoërskool Randburg met soveel trots verteenwoordig het!**









# MEISIESKRIEKET

Ons **krieketdogters** het dit weer gedoen. Met ongelooflike spanwerk, passie en deursettingsvermoë het hulle die Dainfern T10-toernooi gewen. Die dogters het tydens die toernooi al hulle wedstryde gewen. Elke wedstryd was 'n bewys van hul toewyding en liefde vir die spel. 'n Spesiale applous vir **Alyssa Edwards** – ons ster van die toernooi! Sy is as **beste kolwer, bouler én veelsydigste speler** gekroon. Ons is baie trots op jou, Alyssa! Baie geluk aan al die spelers! Julle is fantasties en maak ons baie trots!




Hoërskool Randburg se **dogterskrieketspan** het hierdie jaar vir die heel eerste keer vir die Lions SA20 krieketkompetisie ingeskryf en die reeks teen Soweto Hub afgeskop. Hulle behaal 'n baie indrukwekkende oorwinning met **nege paaltjies**. Hoërskool Randburg boul Soweto uit vir 89 en teken die telling in die dertiende beurt aan.

## Ons sterre was:

- **Alyssa Edwards** - vier beurte - 3/10
- **Stefanie Viviers** - vier beurte - 1/29 asook 31 lopies van 40 balle met vier viere.
- **Abigail Jacobs** - vier beurte - 2/12 en 21 lopies van 28 balle.
- **Leandri Smit** - vier beurte - 2/10



Ons dogterskrieketspan se uitstaande vertoning op die krieketveld het voortgeduur met 'n fenomenale oorwinning in die kwarteindstryd in die SA20 teen Hoërskool Noordheuwel waar hulle met vyf paaltjies gewen het. Hoërskool Randburg boul Hoërskool Noordheuwel uit vir 'n skamele 64 lopies. **Alyssa Edwards** saai totale verwoesting en neem nege paaltjies vir slegs vyf lopies in vier boulbeurte. 'n Ongelooflike prestasie! Sy teken ook 25 lopies met die kolf aan. **Leandri Smit** dra ook met die kolf by en haar nege lopies help om ons oor die lyn te kry. **Hailey Ferreira** neem ook een paaltjie – 'n ongelooflike vertoning deur 'n span wat slegs verlede jaar begin speel het.



Ons dogterskrieketspan het op 23 Oktober met moed, vasbyt en trots hul alles in die SA20 **semi-finaal** teen Queens High School gegee. Queens het eerste gekolf en 'n indrukwekkende 167 lopies in hul toegelate 20 beurte aangeteken. Ons voorste boulers was: ◦ **Leandri Smit – 2/29** en ◦ **Hailey Ferreira – 1/25.** Ons meisies het dapper met die kolf geantwoord en 'n totaal van 102 lopies behaal. 'n Uitstaande prestasie met die kolf kom van Alyssa Edwards wat 'n fenomenale 75 vanaf 54 balle aangeteken het, met tien viere en een ses in haar briljante beurt.




**Die ware oorwinning lê egter in wat hierdie groep bereik het:**

- Eerste seisoen in die A-liga
- Deelname aan die SA20-reeks
- Kampioene van die jaarlikse Dainfern T10-toernooi

**Ons is ongelooflik trots op elke speler. Julle groei, gees, talent en passie is duidelik vir almal om te sien. Die toekoms van Randburg se dogterskrieket lyk blink — baie blink!**

## LIONS KRIEKETSPANNE - VERKIESING




Baie geluk aan ons **vier** Randjies wat vir die Lions krieketspanne gekies is!

**Leandri** en **Stefanie** is vir die o.15-dogterspan gekies, **Alyssa** is vir die o.16-dogterspan gekies en **Aidan** is vir die o.15-seunsspan gekies.

**Ons is uiters trots op julle almal! Julle harde werk en toewyding dra vrug.**

# FIETSRY

**Erik Breedt (gr. 11)** die SA *Omnium*-kampioen in die Junior-kategorie geword. Die byeenkoms was in Port Elizabeth (Gqeberha) en dit was 'n lang dag met rowwe winde en 'n paar moeilike oomblikke en van die begin af het Erik 'n goeie voorsprong opgebou en dit reggekry om die kompetisie met 15 punte te wen. Hy het ook algeheel sesde geëindig teen die ouer ouderdomsgroepe. Welgedaan Erik!








## Randburg Fietsryspan skitter by Nasionale Finaal

Gedurende die vakansie (4 en 5 Oktober) het Randburg se seuns- en dogterspan aan die Nasionale Finaal in Piet Retief deelgeneem. Dit was 'n fantastiese naweek vol goeie fietsry op 'n tegniese baan wat almal geniet het. Ons is ongelooflik trots op elke leerder wat tot hierdie spanne verkies is en Randburg se naam hoog gehou het (die meisieskategorie het bestaan uit 35-45 dogters en die seunskategorie bestaan uit 40-70 seuns).

### Nasionale Skole Finaal

**Eerste plek - Evan Naudé (SA-skole kampioen)**
**10de – Erik Breedt**
**13de – Kirstin Roos**
**15de – Natasha Swart**
**27ste – Reinhardt Strydom**
**40ste – Leané Grobler**
**42ste – Alzé du Plessis**
**42ste – Tyler Breedt**
**45ste – Ewald Eloff**
**52ste – Llewellyn Hoar**



Ons seunsspan eindig **agtste** en algeheel lê die skool **11de** (uit 110 skole).

### Provinsiale Finaal

Ons is trots dat **twee leerders** Gauteng verteenwoordig het en uitstekende prestasies behaal het:



**Eerste plek - Evan Naudé**
**15de – Erik Breedt**

**Baie geluk aan elkeen van julle – julle harde werk en deursettingsvermoë inspireer ons almal!**

















## Klerebank

**Die Klerebank sal op Woensdagmiddae van 12:30 tot 14:15** oop wees vir enige leerder of ouer wat klere wil koop. Ondersteunersdrag is ook by die klerebank beskikbaar. Ons rig graag 'n versoek aan alle ouers en oud-leerders om asseblief skoolklere wat nie meer gebruik word nie, veral skoolbaadjies, aan die klerebank te skenk.

**LO-Klere en sweetpakke <u>slegs</u> by skool beskikbaar en nie by verskaffers nie!** Ons versoek dat ouers nie die klerebank buite hierdie ure besoek nie. Indien daar 'n noodgeval is, skakel die skool en maak dan 'n afspraak met me. Lorainne Marx in die boekwinkel. Sy kan nie elke ouer in die klerebank help nie, aangesien sy ander werk het om te doen. Hou dus asseblief by die tye!

**TYE – 12:30 TOT 14:15 (WOENSDAGMIDDAE)**

**Kaartbetalings alleenlik na 14:00**




## Randjie Gebedswag

**(Randjie-ouers & -onnies wat bid)**

Dit is in ons Hemelse Vader se wil dat ons deur gebed en danksegging ons behoeftes aan Hom bekend maak. Bid saam met ons Donderdae-oggende vanaf **07:30 tot 8:30** in SAU, Jackie se kantoor. As dit nie vir u moontlik is om saam met ons te bid nie, maar u wil deel vorm van ons bidgroep, kan u **Jackie Krüger** by **083 651 8172** skakel. Ons het 'n *WhatsApp*-groep waarop gebedsversoeke geplaas word.



**CSV**
**DONDERDAE, 07:30 TOT 08:30 IN SAU.**
**ALMAL IS WELKOM!**



## Parkering

Ouers moet asseblief nie by die skoolterrein inry om leerders af te laai nie – stop asseblief in die parkeerruimtes in die dienspad. U word ook versoek om nie die dienspad te versper om leerders **'gou-gou'** op te laai nie.

Fietse parkeer by die matriekparkering. Daar is geen koste daaraan verbonde nie, maar ons stel voor dat jy asseblief jou eie slot en ketting voorsien, aangesien ons geen verantwoordelikheid kan aanvaar nie.

Motors & motorfietse parkeer by die matriekparkering. Die koste vir parkering is **R150 per kwartaal.** **<u>Prosedure:</u>** Jy betaal by die finanskantoor met jou registrasienommer. Die kostes vir die hekkontrole is **R250.00** en wanneer dit weer ingehandig, word **R200.00** terugbetaal.



**<u>Algemene reëls vir parkering:</u>**

1. Die hek maak outomaties toe, moet asseblief nie die kontrole herhaaldelik druk nie.
2. Geen vinnige wegtrek (*spin*) of uitermatige hoë revolusies van voertuie of motorfietse word toegelaat nie.
3. Indien jy nie by bogenoemde reëls hou nie, sal parkering, sonder terugbetaling, geweier word.
4. Betaal asseblief eers voordat jy van die parkering gebruik maak.
5. Parkering aan die noordekant (afdak T10 en T11) en aan die suidekant (by die musieksentrum) word vir personeel gereserveer.

# ADVERTENSIES

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT HOËRSKOOL RANDBURG GEEN VERANTWOORDELIKHEID OF AANSPREEKLIKHEID VIR ADVERTENSIES AANVAAR NIE.**




## #YOUCANDOSCIENCE

**Aanlyn Fisiese Wetenskap lesse**

- Grade 9 tot 12
- CAPS vir NSC en IEB eksamens
- Dek volledige kurrikulum
- Video lesse
- Notas
- Toetse met volledige antwoorde
- Eksamen vrae met memo wat antwoorde verduidelik
- Onbeperkte toegang tot al die lesse van al die grade
- Vorderingsverslae van leerders
- Wetenskap woordeboek

**NUUT: Graad 9 Natuurwetenskap (Chemie en Fisika komponente)**

**Volledig in Afrikaans en Engels**

Vir gratis demo lesse, pryse en meer inligting:

www.youcandoscience.co.za

Ontwikkel deur ervare wetenskap onderwysers.

## JOZI COUNSELLING

GEREGISTREEDE TRAUMA BERADER

**KARIN PAMPEL**
BComm (Bedryfsielkunde) (UJ)
BA Hons (Sielkunde) (UNISA)
BPsych
**Praktyknommer: 0414581**
**HPCSA REG: PRC0012700**

**BERADING**

Volwassenes, Tieners en kinders, Angs en ligte depressie, Rouberading, Afknouery, Emosionele ondersteuning, Gesinskonflik, Ouerskapvaardighede, Verhoudingsprobleme, Streshantering, Traumaberading, Pastorale / Christelike berading



Mediese fonds tariewe geld
Berading in Engels en Afrikaans
Aanlyn of persoonlik

010 001 9997 / 082 565 2704

karin@jozicounselling.co.za

E-MEDCENTRE
18 Aimee St, Ruiterhof, Randburg










coolideas

YOUR FIBRE GUY


KODÁLY MUSIEKOPVOEDKUNDE
MUSIEKTYD!
3 - 7 JR KLASSE
KOM MAAK SAAM MUSIEK!
Dinsdag Oggende & Middae
GROEPSKLASSE
Afrikaans en Engels
Hoërskool Randburg
MUSIEKSENTRUM
Vanaf 2026!!
WAT OM TE VERWAG?
Leer deur SANG!
'n Program waar kinders deur middel van SANG en BEWEGING hul musikale opvoeding begin - altyd gevul met hope pret. Hier word die basiese musiekfondasie van pols, toonhoogte, 'n fyn musikale aanvoeling en sterk gehoor gelê.
Leer deur RYM!
Die beste manier om te leer - in jou eie moedertaal, met die eerste ritme van rym.
Leer deur BEWEGING!
Elke liedjie 'n speletjie waar die musiekbeginsels eerstens geïnternaliseer word deur die lyfie.
Leer deur LUISTER!
'n Ervarings-gebaseerde aanslag tot musiek om eers die musikale OOR te ontwikkel, waar die lees en teoretiese aspekte van musiek dan later volg op 'n natuurlike wyse.
RESONANZE tots
HOËRSKOOL RANDBURG
KONTAK ONS!
081 351 7491
rdelportmusic@gmail.com


Quality Student Accommodation
www.studentsonroper.com
Students
On Roper
Contact Us on:
admin@studentsonroper.com
Whatsapp 082 654 4077
Bookings for 2026 NOW open!
Not NSFAS Accredited
SAFETY FIRST
Fortified Premises: Equipped with Security Gates, Lighting and Electric Fence to ensure peace of mind.
Always Alert: Armed Response on standby, plus an individual panic button designated to each tenant.
FEATURES
En-suite Units: Each Unit boasts its own bathroom equipped with a modern bathroom, use of communal kitchen.
Built-in Convenience: While rooms are unfurnished to suit personal tastes, they're designed with built-in cupboards.
Shared Facilities (ladies ONLY): Those in the main house, worry not! 6 rooms share 3 top-notch bathrooms and 2 toilets.
Kitchen Luxuries: Share recipes and moments in a communal kitchen.
All-inclusive Rent: Your monthly payment covers the room, water & electricity, and blazing-fast Wi-Fi at 500 mbps fibre! PS: Undercover parking for 10 vehicles!



# Kunsklasse 2026 Inskrywings

SLUIT AAN BY ONS KREATIEWE KUNSKLASSE!

Kinders (6+), Tieners & Volwassenes

🎨 Alle Mediums:
Olieverf · Akrielverf · Potlood · Houtskool · Waterverf en meer

📍 8 Cycadstraat, Randpark Ridge

www.byilzekruger.com

# Wen Jou Wetenskap & Wiskunde / Win Your Science & Maths.



HTTPS://WENWETENSKAP.CO.ZA

HELENA - 0845103373

HV.VERWEY@GMAIL.COM

LISTEN TO THE PODCAST OF HELENA SPEAKING ON RSG ON THIS LINK

Kliek gerus op die internet se link https://wenwetenskap.co.za/




# THE PICNIC PANTRY

EVENTS | DECOR HIRE | CATERING





**Make Every Occasion Effortless & Beautiful**

From Luxury Picnics to Birthday Parties, Corporate Functions, Weddings, Event Stationary or Year-end Celebrations - The Picnic Pantry creates Picture-Perfect setups and Wonderful experiences you'll never forget!

💕 **Our Services:**

- Bespoke Luxury Picnics & Themed Kids' Parties
- Balloon & Backdrop Décor for any event
- Beautiful Grazing Boxes & Platters for meetings & birthdays
- Corporate Events, Picnic Lunches & School Functions
- Are you a DIY kind of person - We offer Decor hiring and you can curate your own special event.

🌸 **Why Choose Us:**

- Stress-free setup — we handle everything
- Affordable luxury, beautifully styled
- Trusted by families & brands across Johannesburg

Let's Create Something Beautiful
📱 WhatsApp: 082 875 9700
📷 Instagram: @thepicnicpantry
📍 Serving Greater Johannesburg & Pretoria

🌐 WWW.THEPICNICPANTRY.CO.ZA


CEDAR SOLAR
Sny jou kragrekening met sonkrag – Kry 'n GRATIS
ENERGIE OUDIT
GRATIS OUDIT
Vind uit hoeveel jy kan bespaar met 'n pasgemaakte sonkragoplossing – geen koste, geen verpligting.
Cedar Solar is gebaseer in Honeydew
Vinnige, lokale ondersteuning in JHB
15 Jaar in die industrie
Gekwalifiseerde In-Huis Tegnikusse
Goedgekeur by Groot Banke
SCOUT
Google rating
4.7
WhatsApp 060 893 2996 om 'n terreinbesoek te bespreek.
Besoek Ons Vorige Projekte Aanlyn
www.cedarsolar.com
Cedar Solar - 011 794 4664 - info@cedarsolar.com - Unit 8 Cranberry Industrial Park, Honeydew, 2170. T& C's Apply.


TRIUMPH
Mathematics
Wiskunde Privaattutor
By Triumph Mathematics verdien kinders om hulle volle potensiaal te bereik.
En 'siblings' geniet nou 20% afslag!
Kontak ons gerus:
Karlienjohnson1@gmail.com
www.triumphmaths.com
082 566 5917


Discover
The Sweetness of Nature
Visit our Highveld Honey Farm Shop at 186 Uys Street, Benoni for the finest Farm Fresh Honey.
Open Monday to Friday 8:00am - 5:00pm
& Saturday 8am - 1:00pm
100% Pure and Natural Raw Honey
Locally Produced by Our Own Bees
Rich in Flavour
www.highveldhoney.co.za
011 849 1990
@highveldhoneyfarms

# NOVEMBER 2025

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | **1** | **2** |
| | | | | | | |
| **3** | **4** | **5** | **6** | **7** | **8** | **9** |
| Gr 12 Wisk<br>Admaths eksamen gr. 8-11 | Gr 12 Rek V2 14:00 | | **Gr 8 2026 Inligtingsaand (Atrium)**<br>Gr 12 Besigheidstudies | Gr 12 FW Fisika<br>Gr 12 Gesk 14:00 | | |
| **10** | **11** | **12** | **13** | **14** | **15** | **16** |
| FW Chemie<br>Vis Kuns 14:00 | Afr V1<br>Besigheidstudies 14:00 | Geografie V1<br>RTT V2 14:00 | Eng HL/FAL P2<br>IT V2 14:00 | LW V1<br>Rugby Kursus Sundown Ranch<br>**Netbal: Jaareindfunksie – Atrium**<br>LS Unika Swemgala 12:30 | | |
| **17** | **18** | **19** | **20** | **21** | **22** | **23** |
| LW V2<br>Drama 14:00 | **Verjaar: E du Toit**<br>**Geo V2**<br>**IGO V2 14:00** | Ekonomie V1<br>Toerisme | | **Afr V2**<br>**Eko V2 14:00** | | |
| **24** | **25** | **26** | **27** | **28** | **29** | **30** |
| Ontwerp 14:00<br>Vis Kuns (p)<br>Massa Atletiek oefening<br>VSB Gr 9 | **Gasvryheid**<br>**Dans V1 14:00**<br>Massa Atletiek oefening<br>**VSB Gr 9** | VSB Gr 10 &11<br>**Atletiekbyeenkoms (middag-aand)** | **Punte in**<br>Massa Atletiek oefening | Massa Atletiek oefening | **Rugby vs Marais (t) Gr 7's** | |